

20 Februarie

Skrifgedeelte: Kolossense 1:13-20
Fokusgedeelte: Kolossense 1:13

Die mag van die duisternis het geen houvas op jou nie

Paulus sing hierdie lied oor Christus om die Kolossense in hulle twyfel te begelei. Hulle is nog jonk in die geloof en vatbaar vir misleiding. Hulle oortuigings is nog nie gevorm nie en nog onvolwasse. Hulle het die boodskap van Jesus Christus nog nie ten volle geken nie. Daarom hierdie lied oor Christus sodat die lesers kan weet Wie Christus is en wat Hy gedoen het. Die gemeente het begin glo dat Jesus nie regtig so belangrik is nie, dat Hy maar net een van die baie paaie hemel toe is.

Twee sake staan uit in hierdie lied: Christus is oppermagtig in die skepping en in die kerk, en Christus is voldoende in sy Persoon en in sy werk. Belangrik om die band te sien tussen Christus se oppergesag en sy genoegsaamheid.

Christus is oppermagtig in die skepping (vs 15-17). Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Dit beteken as jy begin vra na die uiteindelijke doel van die skepping en die sin van die lewe, jy in jou antwoord by Jesus moet eindig. Christus is oppermagtig in die kerk (vs 18). Hy is die hoof van die kerk, want die kerk het sy oorsprong by Hom. Die kerk bestaan uit mense wat die dood oorwin het en verseker is van die ewige lewe. Jesus het uit die dood opgestaan en so gewys dat God aan die werk is.

Jesus is voldoende in sy persoon (vs 19) Hy beskik oor wat nodig is om as God in hierdie wêreld op te tree. Hy is voldoende in sy werk (vs 20). Dit het nie sommer outomaties gebeur nie: die prys was hoog. Jesus het dit met sy bloed aan die kruis betaal. Versoening is God se werk. Versoening is werk wat afgehandel is. Versoening is aan die kruis bewerk. Versoening in Christus omvat alles. Daarom het die mag van die duisternis geen houvas op ons nie.

Sing: Skrifberyming 3-2:1, 6

Dr. TC de Klerk (Okahandja)